# WIE WAS JESUS WERKLIK?[1]

H C van Zyl[2]

## 1. INLEIDING

Die Evangelies skilder vir ons vier verskillende portrette van Jesus. Hoewel hulle dit klaarblyklik oor dieselfde Jesus het, vertel elkeen die verhaal met sy eie oogmerke voor oë, vir 'n spesifieke gehoor (wat verskil van die ander drie s'n), en op sy eie manier.

Die vraag wat nou by die ernstige Bybelleser behoort te ontstaan, is of dit dan nie moontlik is om, in die lig van hierdie verskille — en ooreenkomste! — vas te stel wat "agter" hierdie verskillende portrette van Jesus lê nie? Presies wat het Jesus *oorspronklik* gesê en gedoen? En die oomblik as mens hierdie vraag vra, is jy by die vraag: Wie was Jesus werklik? Of, om dit te stel in die taal van die wetenskaplike ondersoek wat hom met hierdie vraag besig hou: Wie was die historiese Jesus (voortaan HJ), dit wil sê, hoe was Jesus tydens sy aardse lewe — vóór sy opstanding, vóór mense in Hom as die opgestane Here geglo het, en vóór hulle vanuit hierdie geloofsperspektief sy lewe (= sy woorde en dade) begin inklee en oorvertel het? Want dis duidelik dat dit mense se geloof in Jesus as die opgestane Here was wat hulle gedring het om sy aardse lewe met nuwe oë te bekyk, en dit vir hulle eie tyd te interpreteer, waarvan die resultaat die Nuwe Testament, en in die besonder die vier Evangelies is.

Dit is hierdie vraag — wie was Jesus werklik? — wat die hele navorsing oor die HJ aan die gang gesit het. Om die antwoorde wat gegee word enigsins te begryp, is dit nodig om 'n kort oorsig oor die verloop van hierdie fassinerende ondersoek die afgelope twee honderd jaar te gee.

1 Voordrag gelewer op 24 Mei 1995 tydens 'n ope aand vir die kerklike publiek, aangebied deur die departement Nuwe Testament aan die UOVS.

2 Prof. H.C. van Zyl, Departement Nuwe Testament, UOVS, Bloemfontein, 9300

# 2. OORSIG OOR DIE VERLOOP VAN DIE HISTORIESE JESUS-ONDERSOEK

## 2.1 *Tot en met die 18e eeu: Geen historiese Jesus-ondersoek*

Tot en met die 18e eeu was daar nie 'n soektog na die HJ nie — ten minste nie soos dit vandag verstaan word nie. Daar is hoofsaaklik twee redes hiervoor. *Eerstens* was die mens se kritiese historiese bewussyn nog sluimerend. Weliswaar het die verskille tussen die Evangelies van vroeg af vir baie 'n probleem gevorm. Daarom het daar sedert die 2e eeu van tyd tot tyd Evangelieharmonieë verskyn. Dit was pogings om van die vier Evangelies één te maak en so die verskille uit die weg te ruim. Uiteraard los dit nie die historiese probleem op nie; dit ignoreer dit net. Maar die eerste probeerslae om die Evangelies vanuit 'n streng historiese oogpunt te benader, het eers onder invloed van die sogenaamde Verligting in die 18e eeu na vore getree. Die Verligting was 'n beweging wat die menslike verstand tot die hoogste norm verhef het. Waarheid, ook die waarheid oor die verlede, moet die toets van die logika kan deurstaan.

'n *Tweede* rede, wat nóú met die eerste saamhang, is die feit dat in kerklike kringe die historiese ondersoek van die Bybel onder die wakende oog van die kerklike dogma verkeer het. ("Dogma" is vaste en gevestigde uitsprake van die kerk oor geloofskwessies.) Dit het uiteraard die historiese ondersoek van die Bybel aan bande gelê.[3] Geleerdes was bang dat hulle deur die kerk verketter sou word as hulle buite die dogma beweeg. Daarom dat een van die eerste geskrifte van die moderne historiese Jesus-ondersoek (voortaan HJ-O) — dié van H S Reimarus in 1778 — naamloos gepubliseer is.[4]

3 Ons praat hier natuurlik van die situasie tydens en net na die Middeleeue. Vandag staan kerklike dogma, met die dogmatiek as die wetenskap wat dit bestudeer, enersyds, en historiese studie andersyds nie noodwendig meer téénoor mekaar nie. Die moderne dogmatiek erken nie net grotendeels die werkwyse van die kritiese historiese ondersoek van die Bybel nie, maar neem die resultate daarvan ook ernstig in die bestudering van die kerklike dogma.

4 Reimarus het dit nie self gepubliseer nie. Dit was G E Lessing wat tussen 1774 en 1778 uittreksels uit 'n manuskrip van Reimarus anoniem gepubliseer het. Reimarus is reeds in 1768 oorlede (Brown 1992:326).

Sedert 1778 het die stof rondom die HJ-O nooit weer gaan lê nie. Die verdere geskiedenis hiervan verloop in vier fases: die 1e of ou soektog (1778-1930); die "geen"-soektog (1930-1959); die 2e of nuwe soektog (1959-1970's); en die sogenaamde 3e soektog (vroeg 1980's tot vandag). Ons gee kortliks aan elkeen aandag.

## 2.2 *Die eerste of ou soektog: 1778-1930*

Die eerste of ou soektog na die HJ was gekenmerk deur 'n matelose optimisme oor en vertroue in die menslike rede om die historiese of ware Jesus uit die "verpakking" van die Evangelies te herwin. Verskillende lewensbeskrywings van Jesus het gevolglik in die loop van die 19e eeu die lig gesien. Hoe meer werke verskyn het, hoe duideliker het dit egter geword dat dié sogenaamde lewes van Jesus, wat veronderstel was om vir eens en altyd alle twyfel uit die weg te ruim oor wie Jesus histories werklik was, eintlik niks anders was nie as 'n weerspieëling van die onderskeie navorsers se eie idees waarmee hulle die Evangelies benader het. In plaas van 'n eenduidige historiese weergawe van Jesus, het elkeen met 'n eie prentjie of beeld van Jesus vorendag gekom. So was daar die politieke of rewolusionêre Jesus wat van Hom 'n politieke Messias wou maak, die Jesus van die rede, wat alle wonders van Jesus probeer wegverklaar het omdat dit onaanvaarbaar vir die verstand sou wees, die romantiese Jesus wat van Jesus 'n idilliese storieboekheld maak, en die Jesus van die 19e eeuse liberale teoloë wat die hoë ideale van die mensdom, soos gelykheid, vryheid en broederskap, in Hom verpersoonlik gesien het.

Twee groot teoloë van ons eeu sou egter 'n einde bring aan die eerste soektog na die HJ. Hulle was die bekende Albert Schweitzer, en Rudolf Bultmann. Schweitzer het in sy epogmakende boek van 1906 juis aangetoon wat ons sopas genoem het, naamlik hoe elke navorser 'n Jesus volgens sy eie voorliefdes geskep het. En Bultmann het met sy werk van 1921 aangetoon dat die HJ-O van huis uit gedoem was omdat die Evangelies nie die soort geskrifte is wat "verbruikersvriendelik" teenoor 'n suiwer historiese ondersoek staan nie. Volgens Bultmann is daar 'n radikale breuk tussen die werklike historiese gebeure rondom Jesus en die weergawe daarvan in die Evangelies. Vir hom is die Evangelies bo alles 'n weerspieëling van wat die vroeë kerk in die eerste dertig jaar na Jesus

se dood en opstanding, van Jesus geglo het, en hoegenaamd nie 'n historiese berig oor Jesus se lewe nie. Die kloof tussen die aardse Jesus en die Christus van die geloof is vir Bultmann so diep dat dit enige soektog na die HJ nutteloos maak.

## *2.3 Die "geen-soektog": 1930-1959*

Ná hierdie teoloë se invloedryke werk het daar in die jare dertig tot vyftig van ons eeu 'n fase in die HJ-O aangebreek waarna soms as die "geen soektog"-tyd verwys word. Nie dat daar niks aangegaan het nie, maar dit was 'n tyd van "wonde lek", van herbesinning oor wat die redes vir die doodloop van die eerste soektog sou wees.

In 1953 lewer Ernst Käsemann egter in Duitsland 'n lesing by 'n reünie van oud Marburg-studente. Die onderwerp: "Die probleem van die HJ." En hiermee heropen hy die hele debat rondom die HJ. Hy waarsku dat, hoewel dit nie moontlik is om 'n biografie van Jesus te skryf nie, dit nog nie die historiese ondersoek as sodanig ongeldig maak nie. Trouens, sê hy, as ons hierdie ondersoek nie ernstig neem nie, kan ons die noodsaaklike band tussen die aardse Jesus en die Jesus van die geloof verloor, en op die ou end met 'n Christelike geloof sit wat nie in die handelinge van God in die geskiedenis geanker is nie.

## *2.4 Die nuwe of tweede soektog: 1959-1970's*

Dis egter eers in 1959, met die publisering van J M Robinson se boek, "A new quest of the historical Jesus", dat die volgende fase van die HJ-O, wat ook die nuwe of tweede soektog genoem word, duidelike struktuur begin aanneem. In die jare sestig en sewentig het 'n onoorsigtelike hoeveelheid literatuur oor hierdie onderwerp die mark oorspoel. Maar hoe verskil die "nuwe" soektog van die "oue"?

Daar is veral drie terreine van verskil. Die *eerste* is dat geleerdes in die tweede soektog baie meer van hulle eie vooroordele en voorliefdes bewus geraak het as wat in die ou of eerste soektog die geval was. Die les is geleer dat geen mens sonder vooropgesette idees 'n saak ondersoek nie, maak nie saak hoe objektief of neutraal jy probeer wees nie. Die beste wat jy kan doen is om kontrolemaatreëls in jou ondersoek in te bou sodat jy jou eie vooroordele so ver moontlik kan identifiseer en aan bande lê. *Tweedens*

het die tweede soektog die voordeel van 'n groter insig in die aard van die Evangelies, die bronne vir die HJ-O, gehad. Daar is besef dat die Evangelies inderdaad nie biografieë van Jesus is nie, maar verkondiging of prediking vanuit die geloof in Jesus as die opgestane Here, hoewel weergegee as 'n verhaal met 'n historiese basis. Geskiedenis en verkondiging kom dus verweef in die Evangelies voor. *Derdens* het die tweede soektog hom slegs by die *woorde* of *prediking* van Jesus bepaal. Die rede: Daar is geoordeel dat die beskrywing en volgorde van *gebeure* so gevarieerd in die Evangelies voorkom dat dit nie histories herwinbaar is nie. Dít was juis die fout wat die eerste soektog gemaak het: hulle wou te omvattend te werk gaan. Dis slegs Jesus se woorde of uitsprake wat enigsins 'n gekontroleerde historiese ondersoek toelaat.

Die oogmerk van die tweede soektog was gevolglik om te ontdek wat die oorspronklike boodskap of prediking van Jesus sou gewees het. Verfynde kriteria is ontwikkel om die presiese woorde van die aardse Jesus te identifiseer. Wanneer al die Evangelies op hierdie manier "ontgin" is, kon die gemeenskaplike tendense bepaal en die teologie of sentrale boodskap van Jesus beskryf word.

Goeie resultate is behaal, en 'n groot mate van konsensus onder die geleerdes wat hulle hiermee besig gehou het, is bereik. Tog het hierdie tweede soektog na die HJ teen die einde van die 70's begin stoom verloor. Die belangrikste redes was dat die kriteria vir die identifisering van outentieke Jesuswoorde die sif te fyn gestel het, met die gevolg dat die resultate 'n ingekorte Jesusbeeld gegee het. Daar is ook gevoel dat dit baie onbevredigend is om net op die woorde van Jesus te konsentreer. Dit gee 'n te gekunstelde prentjie van Hom. Jesus se woorde kan nie regtig sonder sy dade verstaan word nie. En verder, geen nuwe resultate is meer gelewer nie. Die ondersoek het in sirkels begin beweeg.

## *2.5 Die derde soektog: 1980's-vandag*

Aan die begin van die tagtigerjare het daar egter 'n deurbraak gekom wat die volgende fase van die soektog na die HJ ingelui het. Sommige geleerdes praat hiervan as die derde soektog, maar ander sê dis eintlik net 'n voortbou op die resultate van die tweede in die lig van 'n breër visie op die onderwerp. Wat behels die 3e soektog? Dit kom kortliks daarop neer

dat die woorde én dade van Jesus, dit wil sê die totale werklikheid van die aardse Jesus, aan die hand van die sogenaamde sosiologiese benadering tot die Nuwe Testament geherwaardeer word. Hierdie benadering bring 'n omvattende werkwyse mee wat al die beskikbare historiese gegewens oor hoe die eerste eeuse Palestynse samelewing daaruitgesien en gefunksioneer het, binne 'n samehangende sisteem byeenbring, en dan 'n scenario of scenario's opstel waarbinne al die gebeure rondom Jesus histories deursigtig word. Dis 'n mondvol, maar dit lewer opwindende resultate, waarvan die einde van die pad nog nie in sig is nie.

Wát is hierdie resultate waarna sopas verwys is? Uiteraard kan ek hier net 'n snit daarvan weergee. Ek bepaal my hoofsaaklik by die resultate van die sogenaamde 3e soektog, maar hulle rus natuurlik ook, onder andere, op dié van die 2e soektog.

## 3. RESULTATE VAN DIE HISTORIESE JESUS-ONDERSOEK

Dit is vir die HJ-O belangrik om Jesus stewig binne die Joodse samelewingsopset in die Palestina van die 1e eeu te plaas. Die Jode was toe onder Romeinse bewind. Hierdie scenario is rigtinggewend, want alles wat Jesus gedoen en gesê het — sy ganse lewensloop — moet in terme van die destydse strukture, opvattings, gebruike en konvensies sin maak.

Die 1e eeuse Joodse samelewing kan in drie groeperings, van bo na onder geneem, verdeel word. Aan die *bopunt* van die sosiale leer was die Romeinse goewerneur met sy administrasie. Hulle was die hoogste gesag. Rome het egter relatiewe selfbeskikking aan die Jode toegeken. Dit bring mee dat die Herodes-konings — gehaat deur die Jode vanweë hulle gemengde afkoms en korrupsie — namens Rome gesag uitgeoefen het. Maar op grondvlak het die Joodse leiers — as *middelgroepering* — in effek beheer oor die godsdienstige, geregtelike en sosiale lewe uitgeoefen. Hulle was die priesters, skrifgeleerdes en aristokratiese familiehoofde. Dié se leiers het die Sanhedrin of Joodse Raad gevorm, die hoogste Joodse regeerliggaam. Alles natuurlik by die grasie van Rome. Ander groepe soos godsdienstige partye, handelaars, ambagsmanne en belastinggaarders was ook min of meer deel van hierdie middelgroepering wat enigsins 'n invloed op die samelewing uitgeoefen het. Al hierdie groepe was hoof-

saaklik in die stede gevestig. Aan die *onderent* van die leer was die breë massas wat in die platteland as kleinboere op die rykes se grond 'n sukkelbestaan gevoer het. Daar is soms veragtelik na hulle as die "volk van die aarde" (die agterlikes) verwys, veral deur die geestelike elite onder die Jode. Ons is nie seker uit watter sosiale stand Jesus gekom het nie, waarskynlik uit die "volk van die aarde". Wat wel duidelik is, is dat dit onder hierdie groepering was dat Jesus sy groot aanhang gehad het. In die Evangelies word na hulle as "die skares" verwys.

Die 1e eeuse Palestyns-Joodse samelewing, veral die godsdienstige en sosiale lewe, is gekenmerk deur 'n diepgesetelde oortuiging van andersheid en afsondering. Dit kom nie net op uit die geskiedenis van die Jode as die volk met wie God 'n besondere verbond aangegaan het nie, maar moet ook uit die gevoel van vervreemding as gevolg van oorheersing deur 'n vreemde moondheid, verklaar word. Hierdie afsondering- of heiligheidstrewe het orals deurgeslaan. Oor die hele linie van die lewe was die Jood daarop ingestel om sy identiteit as Jood te bewaar. Uitgebreide wetgewing — in die omgangstaal bekend as die Wet van Moses — het daarvoor gesorg dat die opregte Jood te alle tye van besoedeling met die wêreld bewaar en voor God rein en heilig bevind word. Hierdie opvatting het tot verskeie heiligheidsbewegings onder die Jode, bv die Esseners en Fariseërs, aanleiding gegee. Uiteindelik het dit bygedra tot die val van Jerusalem in 70 nC toe die Selote, 'n militêre uitdrukkingsvorm van hierdie afsonderingspolitiek, in 66 nC die Romeine die stryd aangesê het, maar na 'n bloedige oorlog van vier jaar die onderspit gedelf het. 'n Klein groepie fanatici het nog tot 72 nC op die bergvesting Masada uitgehou, maar toe selfmoord gepleeg net voor die Romeine dit verower het.

Teen hierdie agtergrond tree Jesus op die toneel. Sy leer en lewe lewer radikale kritiek op die heersende afsonderingsopvattings. Hy sien die wêreld totaal anders as sy tydgenote. Vir Hom is die werklikheid nie vyandig en veroordelend nie, maar ondersteunend en vriendelik. Daarom hoef jy jou nie daarteen te verdedig en daarvan af te grens nie. God is ook nie die onverbiddelike Regter wat gereed staan om die mens te veroordeel nie, maar is bo-alles genadig, barmhartig en goedgesind teenoor almal, afgesien van jou afkoms of sosiale stand. Die verhouding met God is dus nie van jou godsdienstige prestasies afhanklik, soos die heersende heiligheidskultuur voorgeskryf het nie. Hierdie verhouding kom eerder

tot stand deur jou kinderlik op God se genade te verlaat, te aanvaar dat Hy — en die werklikheid in die algemeen — dit goed met jou bedoel.

Met hierdie leer was Jesus stewig geanker in OT tradisies soos dié van Prediker en Job. Hierdie wysheidsleraars het ook die populêre opvattings van hulle tyd, dat God die slegtes straf en die goeies beloon, uitgedaag deur op die onbegryplike grootheid en andersheid van God te wys. Jesus sit hierdie tradisie voort met sy klem op die barmhartige soewereiniteit van God. Jesus kan daarom tereg 'n wysheidsleraar genoem word. Sy wysheidsonderrig is egter nie net kontrasterend met die heersende opvattings nie, maar werk vernuwend in; dit roep mense op om hulle lewenwyse te verander.

Daarom staan hy ook in die profetiese tradisie van die OT, wat die volk oproep om hulle weë te verander ten einde die komende oordeel van God af te weer. Jesus het die insig gehad dat die afsonderings- en konfrontasiepolitiek op 'n katastrofe afstuur wat hulle juis hulle vryheid en identiteit sou ontneem (wat in 70 nC bewaarheid is). Hy roep die Jode daarom op tot 'n inklusiewe lewenstyl waar mensogenaamdeemaakte wette oor wat rein en kosjer is, afgesweer word, en God se wil — om in liefde uit te reik na jou naaste — aanvaar word.

As praktiese voorbeeld hiervan versamel Jesus rondom Hom mense van uiteenlopende aard en oortuigings. Sy binnekring-volgelinge kom nie net uit twyfelagtige kringe nie, maar sou ook nie andersins veel erg aan mekaar gehad het nie (daar is vissers, 'n ex-tollenaar en 'n ex-seloot). In sy prediking en onderrig rig Hy hom tot die veragtes, wat volgens die heersende opvattings nie in God se redding gedeel het nie, en Hy sê aan hulle die ongehoorde ding: "Geseënd is julle, armes, want aan julle behoort die koninkryk van God." Verder oortree Hy omtrent elke denkbare konvensie wat vir 'n vrome Jood gegeld het, veral een wat vir 'n gerespekteerde wyse en heilige gehou is: Hy hou tafelgemeenskap met gehate belastinggaarders (= volksverraaiers), Hy laat 'n prostituut toe om Hom aan te raak (= sy voete te was), en in sy rondreisende geselskap neem Hy vroue op (wat waarskynlik 'n versorgende funksie gehad het). Aanvaarding, vreugde en barmhartigheid vorm dié kenmerke van sy geselskap. Die vreugdesaspek vind uitdrukking in die navraag wat by Jesus gedoen word oor waarom Johannes die Doper se dissipels en die Fariseërs vas, maar Jesus se dissipels nie. Waarop Jesus raaiselagtig

antwoord: "Die bruidegom se vriende kan tog nie vas terwyl die bruidegom by hulle is nie, kan hulle?" (Mark 2:19).

So begin Jesus 'n nuwe beweging binne die Jodedom, 'n beweging waarin die goedheid, aanvaarding, vreugde en barmhartigheid van God sentraal staan, wat by die beste OT tradisies aansluit, en wat later buite die eng grense van Palestina en die Jodedom sou uitkring tot wat bekend geword het as die kerk van Christus. Maar eers sou Jesus aan die hand van sy mede-Jode en met die samewerking van die Romeinse goewerneur uit die weg geruim word, omdat sy beweging as te ondermynend vir die identiteit van die Joodse volk en die goeie orde van die Romeinse regering in Palestina beskou is. Maar hierdie Jesus het God in ere herstel toe Hy Hom uit die dood opgewek het. Die dood was immers nie in staat om Hom gevange te hou nie (Hand 2:24).

Sover die resultate van die HJ-O (eintlik maar net 'n steekproef om u iets daarvan te laat proe). U sou nou kon vra: dis alles goed en wel, selfs aangrypend, maar waarom die moeisame pad van die HJ-O? Is dit nie maar die speelding van 'n paar eksentrieke teoloë wat net daarop uit is om voor die hand liggende insigte ingewikkeld te maak nie? Het ons dié soort ondersoek regtig nodig om, soos die Heidelbergse Kategismus sê, getroos te lewe en te sterwe? En, laat ons die vraag maar stel, hou dit nie die gevaar in van allerhande sogenaamde ontdekkings wat vir die geloof van die gewone kerklidmaat afbrekend kan wees nie? Ek wil dus afsluit deur enkele opmerkings oor die geldigheid en waarde van die HJ-O te maak.

## 4. DIE GELDIGHEID EN WAARDE VAN DIE HISTORIESE JESUS-ONDERSOEK

'n Mens kan die beredenering hiervan in twee subafdelings laat uitval: 'n Wetenskapsteoretiese, en een van geloofsargumente. (Wetenskapsteoreties: Vanuit 'n besinning oor wat wetenskap is.)

### *4.1 Wetenskapsteoretiese argument*

Daar hoef nie veel geredeneer te word om die HJ-O vanuit 'n wetenskapsteoretiese perspektief te regverdig nie. Dat daar 'n geldige vraagstelling is wat ondersoek behoort te word, sal enige navorser wat eerlik na die gegewens kyk, moet toegee. Die Bybelteks self roep die probleem en ondersoek op.

Die volgende verhaaltjie illustreer die punt. 'n Verslaggewer vra eenmaal 'n beroemde bergklimmer waarom hy soveel koste aangaan en homself willens en wetens aan groot gevare blootstel, net om te kan sê hy het nog 'n berg uitgeklim. Nadat die bergklimmer 'n rukkie gedink het, sê hy: *omdat die berg daar is*. Dit mag in hierdie funksionalistiese samelewing van ons, waar alles gemeet word aan die norm van "watter praktiese nut dit het", vir baie mense vreemd aandoen dat soveel tyd, energie en geld spandeer kan word aan 'n onderwerp wat op die oog af nie veel resultate vir die praktiese geloofslewe oplewer nie. Vir 'n rasegte navorser is dit egter voldoende motivering om te kan sê: omdat die probleem daar is, is dit die moeite werd om ondersoek te word.

Maar toegegee, 'n saak moet ook altyd kontekstueel verantwoord word. Daarom sal vanaand se gehoor waarskynlik nie net tevrede wees met die wetenskapsteoretiese motivering vir die geldigheid van die HJ-O nie. Dit mag dalk selfs as verwaand beleef word — tipies wat 'n mens van 'n akademikus kan verwag wat selftevrede in sy knusse ivoortorinkie met sy stokperdjie doenig is terwyl "die stad buite aan die brand is". Daar sal dus ook ander redes aangevoer moet word, redes wat nader aan die hart van die Christelike geloof lê, waarmee die gewone gelowige hom/haar kan identifiseer. En ek meen daar ís sulke redes. Ons gee nou kortliks aan hulle aandag.

### *4.2 Geloofsargumente*

4.2.1 Die Christendom is 'n historiese godsdiens. Daarmee word bedoel dat ons geloof gegrond is in God se groot verlossingsdade in die geskiedenis, dade wat die wêreld onherroeplik in 'n nuwe koers gestuur

het, en wat die verwagting inhou van voltooiing *in* die geskiedenis. Die redding wat God skenk, is en word deel van die gewone wêreldgeskiedenis.

Die vleeswording van God in Jesus Christus is dié historiese gebeure waaruit die kerk leef. Daarom is dit nie om 't ewe of daar iemand soos Jesus geleef het of nie. Dis ook nie onbelangrik dat die Jesus wat vir ons in die Evangelies as Here en Verlosser verkondig word, 'n getroue weergawe sal wees van hoe Hy histories was nie. As dit bv uit 'n historiese ondersoek sou blyk dat daar geen verband is tussen die Evangelies se Jesus en die Een wat histories geleef het nie, dan mag dit 'n ernstige geloofskrisis by baie veroorsaak.

Natuurlik wil ek nie hiermee beweer dat ons geloof van 'n historiese ondersoek afhanklik is nie. So maklik laat geloof hom nie uitboul nie. Ons staan immers in 'n lewende verhouding mèt die opgestane Here, waarvan ons oortuig geraak het deur die getuienis van die Heilige Gees in ons harte, lank voordat ons enige begrip van so-iets soos 'n ondersoek na die historiese Jesus gehad het. Maar, kragtens die aard van die evangelie — dat dit rus op die betroubare getuienis van die apostels aangaande Jesus van Nasaret — kan dit nie van sy historiese basis ontneem word en nog evangelie bly nie. Noodwendig word dit dan iets anders — nastrewenswaardige ideale — maar dis nie meer die Bybelse evangelie nie.

Die HJ-O staan dus in diens van die blootlegging van die historiese basis van die Christendom. So gesien is dit 'n beperkte ondersoek: enersyds beperk hy hom tot 'n bepaalde aspek van die Christendom: die historiese karakter daarvan; andersyds word dit bepaal deur die geloofsraamwerk waarbinne dit optree. Die HJ-O is deel van die geloof wat besig is om homself na binne (vir die kerk) en na buite (vir die wêreld) te verantwoord. Dis geloof wat historiese opheldering vra. Die Christen hoef dus nie die HJ-O te vrees nie. Ons kan niks daardeur verloor nie, net wen. Dit maak jou lewe ryker, nie armer nie.

4.2.2 Tweedens, die HJ-O dwing die Christelike geloof om aan sy oorsprong, Jesus van Nasaret, getrou te bly. Die geskiedenis het uitgewys dat die Christendom kan ontspoor, dat hy 'n selfstandigheid los van die evangelie kan ontwikkel waar die naam van Christus vir allerlei ideologiese denke ingespan word. Verder, die gevaar van 'n "makgemaakte" Jesus wat netjies in ons voorstedelike, kleinburgerlike denke inpas en

bloot die funksie het om óns oortuigings en leefwyse te begrond, is nie denkbeeldig nie. So word die evangelie van sy krag beroof. As Jesus nie meer "een beroerder des Israels" is nie, moet mens begin wonder of jy nog met Jesus van Nasaret besig is. Om dit anders, ietwat vreemd, te stel: Jesus was Self nie 'n Christen nie; Hy is eerder 'n blywende korreksie op mense wat hulleself Christene noem.

Die HJ-O se geldigheid en waarde lê daarom daarin dat dit 'n ontmaskerende funksie het. Dit is 'n blywende herinnering daaraan dat Jesus Iemand was wat die gevestigde kultuur van sy dag op so 'n manier uitgedaag het dat dit Hom uiteindelik sy dood gekos het. Dit het uitgewys dat Jesus immer die groot Teenoorstaande is wat voor jou kom staan en sê: "Verkoop alles wat jy het, en volg My." In hierdie sin van die woord was Jesus nie 'n Persoon waarmee 'n mens sonder meer op jou gemak was — en is — nie.

Ons sou natuurlik kon vra of hierdie insigte nie in elk geval uit die Evangelies gehaal kan word sonder om die moeisame pad van die HJ-O te loop nie. Seer sekerlik, wie die Evangelies met 'n oop gemoed lees en hom/haarself oopstel vir die oortuiging van die Heilige Gees, sal inderdaad hierdie ontstemmende figuur daar raakloop. Wat die HJ-O egter doen, is om hieraan histories-wetenskaplike beslag en kontoere te gee. Dit bied 'n ander — geldige — invalshoek op dieselfde materiaal, wat ons vanuit sy aard dwing om met die outentieke oorsprong van die Christendom kennis te maak. Natuurlik is dit nie vry van interpretasie nie, en dus ook 'n portret van Jesus — in dié geval 'n historiese een. Maar so is 'n gewone gelowig-letterlike lees van die Evangelies ook. Daar bestaan geen interpretasievrye evangelie nie. Die HJ-O kan egter in elke tyd waarin die kerk leef 'n hulpmiddel wees om voortdurend herinner te word uit watter hout die evangelie oorspronklik gesny is.

4.2.3 Ten slotte help die HJ-O ons om op 'n historiese manier uitdrukking te gee aan ons geloofsbelydenis oor die betroubaarheid van die Skrif. In die mate dat dit vir ons goeie insig gee in die manier waarop die Evangelies ontstaan het, in daardie mate help dit ons om die verhouding tussen die HJ en die Evangelie-materiaal te verstaan en antwoorde te kry op die vraag of die Evangelies 'n getroue weergawe van die HJ is. Dit kan soos volg voorgestel word.

Die Jesusmateriaal het drie fases deurloop, wat elkeen 'n beslissende invloed op die vorming daarvan gehad het. Die *eerste* is die fase van Jesus se aardse bediening. Die belangrike punt hier is dat Jesus waarskynlik Self niks op skrif gestel het nie, en ook nie sy dissipels nie. Die *tweede* fase begin na die opstanding van Jesus. Die dissipels en ander gelowiges begin om Jesus se woorde en dade te versamel, en dit in die lig van sy opstanding nuut te verstaan en oor te vertel. Dit is 'n vloeibare, mondelinge fase wat nie daarop uit is om alles presies weer te gee nie, maar eerder die kern van wat Jesus gesê en gedoen het. Die verskillende lewensituasies in die vroeë kerk waarop die Jesusmateriaal toegepas word, werk ook mee aan die vorm waarin dit oorgedra word. Mettertyd ontstaan daar min of meer geykte blokke materiaal, soos bv die lydensogenaamdeebeure, die wonders en die gelykenisse. Daar is nie groot belangstelling vir allerlei biografiese besonderhede oor Jesus se lewe nie. Hierdie fase duur van ongeveer 30-65/70 nC. Die *derde* en laaste fase is die opskrifstelling van die Jesusmateriaal: Markus in 65-70, Matteus en Lukas in 80-85 en Johannes in 90+ nC. Hier ondergaan die Jesusmateriaal 'n verdere ontwikkeling deurdat die evangelieskrywers die mondelinge tradisie opnuut aanpas vir die doel en omstandighede wat elkeen in die oog het, en dit boonop in 'n verhaalstruktuur giet.

Uit hierdie weergawe is dit duidelik dat ons die verhouding tussen die HJ en die Evangelies as een van kontinuïteit, maar ook van diskontinuïteit moet voorstel. Dis 'n rivier waarin verskillende stroomversnellings voorkom, maar dit bly wesenlik dieselfde rivier. Die HJ word fundamenteel getrou oorgelewer, maar terselfdertyd geherinterpreteer, "aangepas" as u wil, vir en as gevolg van veranderde omstandighede en behoeftes. Hierdie insig in die dinamiese ontstaan en aard van die Evangelies laat ons besef dat die Evangelies elke geslag gelowiges uitnooi om Jesus nuut vir hulle tyd te ontdek en te interpreteer. Daartoe wil die HJ-O 'n hulpmiddel wees. Dit het inderdaad die effek op die gelowige navorser dat mens aanvanklik begin met die vraag: "Wie was Jesus werklik?", maar kort voor lank met die teenvraag gekonfronteer word: "Wie, sê *jy*, is Ek?"

## BIBLIOGRAFIE

BORG M J

1987. *Jesus: A new vision. Spirit, culture, and the life of discipleship.* New York: HarperCollins.

BROWN C

1992. Historical Jesus, Quest of, in Green, McKnight & Marshall (eds), *Dictionary of Jesus and the Gospels,* 326-341. Leicester: IVP.

CONZELMANN H

1973. *Jesus.* Philadelphia: Fortress.

CROSSAN J D

1988. Divine immediacy and human immediacy towards a new first principle in historical Jesus research. *Semeia* 44, 121-140.

CROSSAN J D

1991. *The historical Jesus. The life of a mediterranean Jewish peasant.* Edinburgh: T & T Clark.

DU TOIT A B

1980. Die historiese Jesus en die verkondigde Christus van die evangelies, in Du Toit, A B (red), *Handleiding by die Nuwe Testament, Band IV,* 255-281. Pretoria: N G Kerkboekhandel.

FULLER R H

1983. *Who is this Christ? Gospel Christology and contemporary faith.* Philadelphia: Fortress.

HEDRICK C W

1988. Introduction: The tyranny of the synoptic Jesus. *Semeia* 44, 1-8.

KECK L E

1971. *A future of the historical Jesus. The place of Jesus in preaching and theology.* Nashville: Abingdon.

MEIER J P

1990. The historical Jesus: Rethinking some concepts. *Theological Studies* 51, 3-24.

SCHILLEBEECKX E

1982. *Jezus. Het verhaal van een levende.* Bloemendaal: Nelissen.

SCHWEIZER E
1987. *Jesus Christ: The man from Nazareth and the exalted Lord.* Macon: Mercer University Press.

THEISSEN G
1989. Jesusbewegung als charismatische Wertrevolution. *New Testament Studies* 35, 343-360.

VAN AARDE A G
1993. Recent developments in South African Jesus research: From Andrie du Toit to Willem Vorster. *Hervormde Teologiese Studies* 49, 397-423.

VAN AARDE A G
1993. Recent developments in South African Jesus research: From Willem Vorster to Andries van Aarde. *Hervormde Teologiese Studies* 49, 942-962.

VAN AARDE A G
1994. Tracking the pathways opened by Willem Vorster in historical Jesus research. *Neotestamentica* 24, 235-251.

VAN AARDE A G
1995. The "third quest" for the historical Jesus — where should it begin: with Jesus' relationship to the Baptizer, or with the nativity traditions? Referaat: NTWSA Kongres, Pietermaritzburg.